



APRIL 2026

Familie-NUUS

Passionate People finding Purpose in His Presence



God

HET 'N PLAN.

Jy

IS DIE PLAN!



SCAN HERE!


TITUS 3:4-7



*“sodat ons,
geregverdig deur sy
genade, erfgename
kan word*



*ooreenkomstig die
hoop van die
ewigelewe.”*



Be Blessed

Ons "Be Blessed"-aand op 25 Januarie 2026 was 'n besondere en geseënde geleentheid waar ons as gemeente saamgekom het om seën uit te spreek oor onself, mekaar, ons gemeente, ons werk, besighede en families. Dit was 'n aand van eenheid, geloof en verwagting, waar ons die Here se teenwoordigheid op 'n tasbare wyse beleef het.



'n Spesiale getuigenis wat hieruit voortvloei, is dié van Tannie Mariaan Meyer. Haar skoonsuster het haar met 'n swaar hart genader oor haar drie dogters, wie se mans nog nie die Here dien nie en verskeie uitdagings beleef. Tydens die aand het ons in geloof vir hulle gebed, vir 'n ware ontmoeting met die Here.

Kort daarna het twee van die skoonseuns besluit om 'n mannekamp by te woon, waar hulle elkeen 'n persoonlike ontmoeting met die Here gehad het. Hierdie getuigenis herinner ons opnuut aan die krag van gebed. Prys die Here vir Sy goedheid en trou! **-Nico Prinsloo**



Ons het op 22 Maart 2026 'n baie spesiale aanbiddingsaand beleef. Aanbidding is vir ons gemeente altyd 'n kosbare tyd, 'n oomblik waar ons werklik kan loof, sing en die Here se teenwoordigheid beleef. Hierdie aand het ons aanbidding op die kruis gefokus. Neville het die oggend 'n kragtige boodskap van redding gedeel het en ons almal aangemoedig om iemand saam te bring.

Die vrug van die boodskap was nie net in die oggend sigbaar nie, maar ook tydens die aanbiddingsaand self. Een van ons tieners het haar hart vir die Here gegee, 'n heilige oomblik wat alles verander het.

Sy getuig:

Tydens die aanbiddingsaand het ek my hart vir die Here gegee en geweet my lewe sal nooit weer dieselfde wees nie.

Van daardie oomblik af probeer ek God in alles insluit, in my skool, my huis en selfs in die klein dinge van my daaglikse lewe. Die Here is vir my iemand met wie ek kan praat, aan wie ek my angs kan oorgee en vir wie ek alles kan toevertrou.

My gunsteling vers is Filippense 4:13 "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee." Dit herinner my dat ek alles kan hanteer wanneer ek op God vertrou.

WORSHIP-AAND

HIGH PRAISE *Deep Worship*

Psalm 121:1-3

I will lift up my eyes to the hills From where shall my help come?

My help comes from the Lord, Who made heaven and earth. He will not allow your foot to slip; He who keeps you will not slumber.

Jy beleef dalk bekommernisse in jou lewe en vra dalk af of daar nog hoop is dat omstandighede kan verander.

Maar ek wil vir julle sê "Ons hulp kom van die Here, en niks kan Hom keer nie". -Mart-Mari Becker

Who can stop the Lord almighty.



Vas-en-Gebed

'n Spesiale getuigenis vanuit ons Vas-en-Gebed week, is dié van Franscois Paulsen.

Franscois getuig van God se genade en ingryping tydens 'n moeilike tyd met sy pa se gesondheid. Sy pa is op Saterdag, 24 Januarie 2026, ernstig siek in die hospitaal opgeneem in die ICU, met 'n hoë infeksietelling en onsekerheid oor die oorsaak. Sy toestand het oor die naweek verswak, wat vir die familie baie swaar was.

Die gemeente het egter in geloof saamgestaan en vir hom gebid. Daar is spesifiek vir hom ingetree, en 'n gebedsgroep het volhard in gebed. Teen Dinsdag, 27 Januarie, het sy pa se toestand begin verbeter en het die infeksietelling geleidelik begin daal.

Met verloop van tyd is hy uit die ICU na 'n gewone saal verskuif en het hy verder herstel. Die familie getuig dat dit slegs deur die Here se genade en die krag van gebed moontlik was. Hulle is diep dankbaar dat God hom gespaar het en glo dat sy lewe steeds 'n groot verskil sal maak.



Van 26 tot 30 Januarie 2026 het ons as gemeente vyf dae van vas-en-gebed beleef. Dit was 'n kosbare tyd waar ons saamgestaan het in gebed en nader aan mekaar én aan die Here gegroei het. In hierdie week het ons doelbewus ons harte voorberei en tyd gemaak om die Here te soek, Sy stem te hoor en in afhanklikheid van Hom te leef.

Lewende Woord het 'n vas-en-gebed aanbiddingsdiens gehad waar ons die Here saam kon loof en prys, en vir verskeie mense kon bid. Hierdie tyd van vas-en-gebed het nuwe momentum gegee aan die weeklikse Maandae gebed, waar ons bemoedig word deur wat God besig is om te doen. Ons het al hoe meer begin bid in hospitale en ook versoeke van buite ons gemeente ontvang om vir mense in te tree en te gaan bid.

Elke Maandag om 18:00 kom die gebedspan bymekaar om vir spesifieke mense en gebedsversoeke te bid. As span het ons gegroei en versterk, en ons sien hoe God werk – deur genesing, voorsiening van werk en lewens wat aangeraak word.

Die vas-en-gebed materiaal, geskryf deur Lewende Woord Bloemfontein, is ook wyer gebruik. Ons het bemoedigende terugvoer ontvang van die Lewende Woord Kuruman-gemeente oor hoe dit hulle geseën het. Dit is vir ons besonders om te sien hoe die Here dit gebruik om impak te maak. **-Nico Prinsloo**



Nicholas Ratcliff

Quest is life changing!

Dit is 'n proses wat jou aanmoedig om 'n beter man en pa te wees, maar die belangrikste, om 'n goddelike man te wees. Dit het my lewensvaardighede geleer wat ek nooit sal vergeet nie, praktiese beginsels vir 'n vervulde en doelgerigte lewe.

Ek kan getuig dat Quest 'n man weer lus maak vir die lewe, vir hom nuwe ambisie gee en hom laat besef dat daar 'n groot avontuur voorlê.

Daar is verskillende fases in 'n man se lewe waardeur hy gaan, en Quest bied vir elke man iets, maak nie saak in watter fase hy is nie. Oor die jare het ek in verskillende groepe gesien hoe mans groei, selfs die oupas.

Ek het groot dankbaarheid vir Quest, omdat dit my nader aan ons Vader gebring het. Dit het my geïnspireer om 'n beter man te wees in verskeie aspekte van my lewe, byvoorbeeld my verhouding met my vrou, die dinamika by die werk, my ambisie vir die toekoms en wat ek eendag vir my kinders as pa wil bied.

Wanneer ek aan Quest dink, dink ek aan 'n aanhaling van John Eldredge wat sê: *"Deep in his heart, every man longs for a battle to fight, an adventure to live, and a beauty to rescue."* Ek glo ons het 'n riglyn, 'n soort "cheat code" nodig om ons hierin te lei.

Ek glo in Quest en in pastoor Neville se visie daarvoor. Ek kan getuig dat wanneer 'n mens deur Quest se materiaal werk en dit in jou lewe toepas, jy werklik die vrugte daarvan sal begin pluk.



SENIOR *Bediening*

WAAROM NIE DEEL WORD VAN DIE SENIOR BEDIENING NIE?



In 'n gesprek met 'n kardioloog oor hartkondisies, die bydraende faktore wat dit kan vererger en ook hoe dit ouerwordende mense se langlewendigheid nadelig kan beïnvloed, laat my twee keer dink. Dit neem my terug na situasies waar bejaardes in aftree-oorde en versorgingsfasiliteite hul plekkies "huis" noem. Soveel keer het ek self die frustrasies, opstand en twyfel van God se nabyheid, eerstehands aanskou, by mense in hul gevorderde jare en ook na aftrede. Die verlies van doel, die wegval van 'n lewensmaat, verswakte gesondheid, immobiliteit, terminale uitdagings en die inboet van onafhanklikheid, bring hul in die tuin van brandnetels en kwesbaarheid. Baie is en voel vergete, verlate, eensaam, geïsoleer van die wêreld daar buite waarvan hul eens deel van was, maar nou afgesny is. Ondersteuning geestelik, emosioneel en sosiale kontak is van die belangrikste boublokke vir langlewendheid en geestesgesondheid.

Daarom, sommer net twee hartsgedagtes.....

Vir die wat meer koninkryk wil beleef en uitleef, hier is die geleentheid, een keer 'n week. Kom vul jou Geestelike voeding aan, hier kry jy doel, verbondenheid en sosiale ondersteuning nuwe betekenis. Hier ervaar ons hoop en vind troos, herinner mekaar dat elkeen, uniek, kosbaar, geliefd en waardevol is vir mekaar en vir die Here. Hierdie is 'n omgewing waar elkeen doelgerig en passievol kan leef. Ons streef daarna om deur Christelike beginsels en gedeelde geloof, met 'n kultuur van liefde en respek, God se Almag en Heerlikheid te vier. (ek kan nie nalaat om te noem dat koek en winterkos onlosmaaklik deel is van hierdie saamwees nie!) Ons soek ons tydgenote op in hospitale en huise, bid en ondersteun mekaar.

Niemand hoef bejaard te wees om betrokke te wees by die Senior bediening nie. Het jy 'n passie vir seniors en tyd hiervoor, maar aan die anderkant van grys? Ons reik uit na aftree-oorde en versorgingsfasiliteite, helder hul dag op met vriendelike gesigte, 'n klein bederfie en tyd wat ons afstaan en opoffer. Kan jy by 'n bedlêende vir 'n rukkie sit, Bybel lees en bid? Speel jy 'n instrument, kan jy sing? Kom maak aanbidding, saam sing en lag moontlik! Roep die Here jou hiervoor, man of vrou? Kontak my gerus, dalk het jy 'n ander gawe wat waarde kan toevoeg? **-Elaine Prinsloo**



Kontak Elaine Prinsloo 083 626 1137
Woensdae en Donderdae 10:30

Die Verwey-gesin met drie studente seuns het in Augustus 2015 ons geestelike heenkome by die kleiner, wit tent van Lewende Woord gevind..

Ons is nou die grootouers van dierbare kleinkinders en 11 jaar ouer as toe ons by Lewende Woord ingeskakel het. Ek het na my aftrede aan die einde van 2024 my nuwe grondgebied versigtig verken en aan die begin van 2026 by die Senior Bediening ingeskakel. Ek het ná die eerste byeenkoms besef dat ek 'n waardevolle jaar van saamwees en ondersteuning verloor het. Ek het dit egter vinnig ingehaal met die weeklikse kuiers en saam eet! Die gebede en luister is terapie, maar die grootste besef is die rol van "gebedskrygers" wat die groep vervul.

Die Senior gebedsgroep stel 'n voorbeeld van getrouheid. Die weeklikse bymekaarkom stel seniors in staat om God aan te hou dien, selfs al kan hulle nie gereelde kerkdienste bywoon nie. Baie dankie aan Elaine vir haar organisering en passie vir die senior burger gebedsgroep dat ouer volwassenes 'n noodsaaklike, gewaardeerde deel van die gemeenskap is en betrokke kan bly by die geestelike lewens van ons kerk en gesinne.

NS Die cappuccinos en die eetgoed is vyfster!
-Kathy Verwey





VICTORY

Gebedsberading

Getuienis

Vir so lank as wat ek kan onthou, het ek in oorlewing geleef. Elke dag was moeite; elke oomblik was 'n geveg tot die volgende. Ek het al lankal my hart vir die Here gegee en 'n pad saam met Hom begin loop. Ek het myself laat doop en gedink die antwoorde sou makliker kom, maar dit het moeilik en pynvol geraak.

Ek het kort oomblikke van vreugde en vrede gehad en gedink dit is daardie oomblik waarna ek so lank gesmag het en soveel male vir die Here gevra het:

“Here, ek wil nie meer oorleef nie, ek wil leef.”

Ek het jare laas behoorlik in die nag geslaap. Ek is nag na nag wakker gehou sonder enige rede daarvoor. Ek het 'n pad van vergifnis begin stap. Ek moes leer om mense te vergewe en het gedink dis dit, maar steeds het die marteling in my siel voortgegaan.

God stuur vir my 'n wonderlike man, net soos wat Hy my reeds lank tevore belowe het Hy sou, en toe word my siel net meer en meer gesond. Die Here lei my om by die kerk se vrouegroep in te skakel, en daar begin ons op die eerste dag met 'n vergifniskursus.

Reeds vyf minute in die eerste video word my hartsnare geroer en God praat met my. Ek reik weer uit na Liezle, en sy stel voor ek doen 'n Victory-sessie. Die Here lê vier mense op my hart wat ek moet vergewe, wat ek reeds gedink het ek voorheen gedoen het.

Daardie aand slaap ek soos 'n baba en elke aand daarna. Jare en jare se onverklaarbare slapeloosheid is weg. Ek voel vry, vir die eerste keer in dekades. Ek ervaar God se liefde soos nooit vantevore in my lewe.

Ek is 43, en vir die eerste keer in my lewe voel ek dat ek geliefd is deur God dat Hy nader is as my asem in my longe. Ek het Hom lief, liewer as enigiets in my lewe. Hy het my vrygemaak; my kettings is weg, gebreek en vernietig.

God het my genees in 'n oogwink. Ek was salig onbewus dat onvergewensgesindheid besig was om my te vernietig. Ek is vry, ten volle, in Christus.

- Franciska Swart



Victory sessies vind plaas per afspraak.

Kontak gerus vir Stephan Ellis 082 301 6626 (Mans) of Lydia Ellis 082 491 3186 (Vroue)

Bruce Wilkinson 70 x 7

Ons as vroues het die 70 x 7-kursus begin wat oor vergifnis handel. Dit het my laat besef dat, as vergifnis die absolute doel van Jesus se koms na die aarde was, dit 'n onderwerp is wat werklik ons aandag verdien. So baie van ons leef met seer en onafgehandelde vergifnis wat pyn en kwelling in ons lewens veroorsaak in liggaam, siel en gees.

Dit was egter wonderlik om te sien hoe die vroue wat bereid was om die seer te trotseer en deel te neem aan die vergifnisproses, soveel deurbraak beleef het. Ons nooi alle vroue uit om saam deel te wees van die vroues, waar ons bymekaarkom om mekaar te ondersteun en toe te laat om te groei, elkeen volgens wat sy kan hanteer in hierdie seisoen van haar lewe.



Ons eer die Heilige Gees vir die vrymaking wat die vroues daar beleef. Kom! Neem deel en wees deel, jy is welkom!

Liezle Pretorius 082 500 2223



Aandiens

**SMAAK EN SIEN DAT DIE HERE
GOED IS... PSALM 34:9**

Ons getuig van God se goedheid; ons sing daarvoor en ons verkondig dit. Maar vir baie mense is die goedheid van God slegs iets waarvan hulle weet, hulle het dit nog nie self ervaar nie. God nooi ons egter nie net om meer van Hom te weet nie, maar om Hom werklik te leer ken.

Die hooftema aan die begin van die jaar in die aanddiens was om mense uit te nooi om deel te neem aan die fees van genade. Kom proe, beleef en ervaar God se goedheid, want dit is juis hierdie goedheid wat mense tot bekering bring.

Ons prys die Here dat dit moeilik is om 'n enkele hoogtepunt uit te sonder vir die aanddiens hierdie kwartaal. Ons het die kwartaal afgesluit met twee opeenvolgende hoogtepunte: die studentediens, waar eerstejaars van drie verskillende koshuise ons besoek het, en die aanbiddingsaand waarmee ons die kwartaal afgesluit het. In elke diens het ons God se goedheid beleef en dit is net die begin! - De Villiers Nel

DOOP

Om jou lewe in die doopbad neer te lê, gee 'n mens die vermoë om werklik te leef! Die Bybel leer ons dat ons die ou lewe en manier van doen saam met Christus in die doop laat sterf.

Ons begrawe daardie ou self saam met Christus, en staan saam met Hom op. Nou is dit nie meer ons wat leef nie, maar Christus wat in ons leef.

Dit is ná die doopwater wat die lewe anders lyk, ons verlede is weggewas en ons identiteit is beklee met die Naam van Jesus.
-De Villiers Nel



Getuienis

My doop was vir my ongelooflik spesiaal, want ek was op 'n plek waar ek myself nie kon vergewe nie. Ek het vasgevang gevoel en kon nie vorentoe beweeg nie. Ek het met substansmisbruik gesukkel, en as gevolg daarvan het ENGO my dogters in 2023 van my ontnem.

Op 15 Februarie van die jaar het ek besluit om my lewe totaal aan God oor te gee en het ek besluit dat ek gedoop wil word. Toe ek gedoop is, het iets wonderliks gebeur. Ek het vernuwe gevoel. Die swaar las op my hart en in my gedagtes het verdwyn. Ek het 'n tweede kans van God ontvang. Ek was nie meer kwaad vir myself nie. Alle eer aan die Here.

-Alicha Britz

Walk in newness of life
Romans 6:4



KINDERTOEWYDING



Ons het die toewyding prosies vreeslik geniet. Wat 'n spesiale en leersame ervaring. Daar is soveel moeite gedoen met foto's en video's van die toewyding self. Die woord en seën wat ons ontvang het was bevestiging van die woord wat ons self oor ons dogter beleef het. Ons gaan verseker weer terugaan en later self vir haar ook die spesiale woord oor haar lewe speel. Dankbaar vir ons gemeente wat lief is vir kinders, hulle seën en 'n gemeenskap wat saam met ons kinders groot maak. - **Elzet Kirstein**






BABY ON BOARD

Voorgeboortekursus



Die "baby on board" kursus is baie insiggewend en dit is ñ moët vir die nuwe toekomstige pa. Ek kan getuig dat die inligting en praktiese voorbeelde van die kursus baie help om onsekerhede wat daar mag wees aan te spreek. Dit skêp ñ geleentheid om van die begin af meer voorbereid en betrokke as ñ nuwe ouer te wees. - **Ig Maré**



Het jy geweet dat kruiskidz se bediening nie net tot Sondag beperk is nie?

Die afgelope kwartaal het dié bediening uitgereik na die laerskole Tjokkies, Jim Fouché en Fichardtspark in Bloemfontein. Hier kry Lewende Woord die voorreg om met kinders van die stad oor Jesus te gesels en om ook só 'n impak op die groter gemeenskap te maak.

“Hoe wonderlik is dit nie dat ons die voorreg het om vir kinders van Jesus te vertel nie – om 'n lig aan te steek in jong harte, sodat dit nie net hul lewens verander nie, maar uiteindelik 'n hele stad kan aanraak,” sê Elizma Kriel, kinderbedieningsleier.

“Wanneer ek oor Jesus praat en Hom met ander deel, is ek op my gelukkigste, want wanneer jy Jesus werklik ontmoet, verander Hy jou lewe, jou denkwyse en selfs hoe jy jouself sien ... vir altyd.”



KRUISKIDZ BEDIEN IN SKOLE

Onthou, wanneer een lig aangesteek word, kan dit 'n hele stad verander.

utpat officia dula semper non... circundant tempus in id id lorem... que pede est et libera. Suscipit in maecenas i luctus, partitur ipsum hanc... nica primis, et sique sed non vestibulum rutrum et. Cum amet vestibulum ipsum mter et in uris sunt.

olor ligal namum met inceptos vehicula, et t suspendisse... nmodo, ut... m ners tortor dignissim... e t urni, vna nulli tempor tortor ut, fringilla viverra vitae lig... tique, i cubitulum sit nunc, erat carabatur nonummy nullam... nec et vire vestibulum dignissim, veniam mi. Vel libero ven... rer. Convallit non con... m ligal proin lobi, d... m mris nulli in lobatua...

bh, rcu di m c, c... la... dunt. Suscipit i donec... illi, fad justo ique n loc... tibus neque f iis. S pie... nec in, tristique ar enim a... Et oi m ipsum sit eu di... leo nisi. Pretan pti solis... plus cursus nunc, liqu... lument tristique vel, mor...



une purus ut, i bal... pedis... dunt. dunt... um malis et t quib... cul nulli... ac id tellus la... ris ut, coar... wisi f ocibus m... e sed et m, i... vestibulum eu...

onsectetur b... m odio um... prin pellente... e sed nte... fectie est. Et... c sit neque... resque... vovetur... orpe...



Oom Nico het saam met ons
by kruiskidz kom Worship.
Die liedjies was baie lekker. Die
het gevoel of Jesus saam
met ons sing. Ek kon nie
help om saam te sing en
dins nie. God is tenig en
Hy het n gave hart.
Ek hoop ons kan dit elke
sondag doen.

Kris-Daniël
Kirstein (8)



YAM *Young Adults Ministry*

God roep ons altyd tot meer, maar ons moet die verantwoordelikheid daarvan dra. Een van die beste maniere om onself daarop voor te berei, is deur ons daaglikse gewoontes. Craig Groeschel het gesê: "Most of what you normally do isn't the result of hope, but the result of habits."

Ons moet vandag begin om die lewe te leef wat ons oor 5, 10, selfs 20 jaar wil hê. Met elke aksie wat ons neem, stem ons vir die persoon wat ons wil wees. 'n Enkele aksie gaan nie ons hele lewe verander nie, maar dit bou saam 'n rigting. Die vraag is dus: Waarin vind ons ons identiteit? As ons identiteit Christus-gesentreerd is, sal ons gewoontes Christus eer in alles wat ons doen.

Ons is baie opgewonde oor wat die res van die jaar vir ons Young Adults inhou! Verskeie selle gaan vanuit die gemeente gestig word. Indien jy nog nie iewers ingeskakel is nie, maak kontak met ons sodat ons vir jou die perfekte plek kan vind! **-Rimmon Kloppers**



Os Guinness het geskryf:

"We are not primarily called to do something or go somewhere; we are called to Someone."

En daardie Someone is God. Hoe antwoord ons die roep? Deur onself aan God te wy.

Eerstens moet ons beseft dat ons skepsels is wat gemaak is om glorie aan God te gee. Daaruit leer ons dat ons totaal en al afhanklik van God is – sonder Hom is ons geestelik kwesbaar en fisies broos. Dit leer ons om nederig voor God te staan en dankbaar te wees. Verder beseft ons dat ons voor 'n gehoor van Een leef, en dat ons die groter prent moet raak sien. Wat is die groter prent?

God het ons geroep vir meer!

Sodra ons beseft ons is geroep vir meer, kan ons begin kyk na ons eie storie.

Die kwartaal het ons gefokus op klein groepe en die bou van verhoudings met mekaar! In die klein groepe het ons die boodskap bespreek met doelbewuste en betekenisvolle gesprekke.

ONE80 sien uit na nóg 'n kwartaal vol verhoudingsbou, lekker pret en dieper leer uit die Woord! Indien jy wil deel wees of betrokke raak, maak asseblief kontak met ons, ons help jou graag om die regte plek te vind.

- Rimmon Kloppers



ONE80 TIENERBEDIENING

Hierdie kwartaal by die kerk het my nader aan God gebring. Ek het geleer om Hom te vertrou, selfs wanneer ek onseker voel. Ek hoef nie alles alleen te dra nie. Die mense het my laat voel ek behoort. Ek is meer dankbaar en my geloof het stadig maar seker gegroei.
- Martenique Du Pisanie



TIENERBEDIENING

TERUGVOER VANUIT DIE SAFE HOUSE

Dit was 'n besige kwartaal met baie uitdagings. Alles kom uiteindelik terug na een kernvraag: TELOS, kan ons mense terug liefhê na lewe en doel? Liefde is wat mense verander, nie om op hulle foute te fokus en dit uit te wys nie. By Redeemin Love kies ons om te fokus op dit wat die Here in elkeen gedeponeer het.

Elkeen is geskape met 'n Godgegewe doel en plan.

Die vyand het gekom met leuens om te steel en te vernietig, maar God se plan bly altyd staande. Hierdie kwartaal het verskeie vroue tot bekering gekom. Hulle het gekies vir Jesus en om oor te gee. "Oorgee" is egter nie 'n maklike begrip in die safe house nie. Vir jare het baie van hulle vir hulself en hul "regte" baklei met 'n ingesteldheid van: "Ek vertrou nie mense nie, ek sal alles self doen." En tog werk dit dikwels nie uit nie.


Die pad van oorgawe om God met jou hele lewe te begin vertrou is moeilik. Maar ons sien hoe die Here stukkie vir stukkie hul vertroue wen. Daar is baie woede, baie seer... maar wat 'n voorreg om 'n veilige plek te kan bied waar hulle kan "uithak" en vry raak van pyn en gebrokenheid. Dit is moeilike situasies, maar ook kosbaar wanneer iemand kan gaan sit, oopmaak en begin verstaan hoe die vyand kom plunder het.

Elke mens het 'n keuse. Hoe ons reageer, en wat ons met ons seer en pyn doen, bly ons eie verantwoordelikheid. "Die waarheid sal julle vrymaak." in liefde. Die meisies met kinders het ook self gekies om hul kinders aan die Here toe te wy, en ons het dit saam gevier. Hulle is bereid om die Here te vertrou met hul kinders se lewens 'n groot en kosbare stap van geloof.

-Liezle Pretorius



Ilse van Salon *Hot Trendz* seën die vroue aan die einde van hul tydperk by die safe house met grimering, kleur en sny van hulle hare.



STREET MINISTRY



Twee keer per maand bedien Redeeming Love in Hilton. Die laaste Donderdag van elke maand is die *Street Ministry* uitreik, en die daaropvolgende Woensdae is dit 'n *Empowerment*-oggend albei in Hilton.

Hierdie tye is vir ons baie spesiaal, want ons leer die mense ken, luister na hulle harte en stories en bou betekenisvolle verhoudings. Ons bid saam met hulle en deel ook praktiese hulp deur sop en brood uit te deel.

Dit is vir ons 'n groot voorreg om Jesus se hande en voete daar te wees. Ons nooi almal uit om betrokke te raak, of dit nou is deur saam te kom bedien of deur vir die bediening te bid.

Ons gebed is dat hierdie bediening sal groei en dat dit werklik 'n verskil sal maak, 'n wonderwerk in die lewens van baie mense. - **Adel van den Berg**



PROJEKTE

Raak betrokke
Kontak Lizzie Pretorius
082 500 2223

Ons is op soek na finansiële ondersteuning of borgskap om 'n veilige, brandstofdoeltreffende 7-sitplek voertuig aan te skaf vir eksklusiewe gebruik by die safe house. Dit sal ons help om die meisies te vervoer sodat hulle toegang tot noodsaaklike dienste kan kry, en dit sal die spanning wat deur onbetroubare vervoer veroorsaak word, verminder.

'n Volkswagen Caddy Kombi (7-sitplek) of soortgelyk is geïdentifiseer as die mees praktiese opsie. Die geskatte koste beloop tussen R350,000 en R690,000, afhangend daarvan of die voertuig nuut of tweedehands aangekoop word.

Ons vra respektvol vir ondersteuning in die vorm van 'n eenmalige donasie, gedeeltelike of volledige borgskap, MIVB-finansiering, of enige bydrae tot hierdie doel.



Ons beplan om 'n Kaizen-eenheid aan te skaf om akkommodasie te bied vir hulpstaff oor naweke, sowel as vir projekspanlede, vrywilligers en korttermynbesoekers.

Koste: R116,000 (BTW uitgesluit)
Spesifikasie: 6m x 3m geïsoleerde eenheid, oop kamer met badkamer
Vervoer na terrein: R2,000
Water/elektrisiteit: Installasie en aansluiting Afleweringstydraamwerk: 6-8 weke



PÉTRAProjek

Op Maandag 23 Februarie 2026 het daar 'n groot werkers met groot opgewondenheid voor die hoofingang van Lewende Woerd afgeskep.

Die doel van hierdie opknappings wat besig is om plaas te vind, is:

- Om toegang tot die hoofingang van die tent-gebou meer toeganklik te maak;
- Asook die vooraansig van die tent in 'n vriendelike en gasvrye omgewing te omskep.




Baie dankie aan die elkeen vir jul geduld gedurende die ongemak van hierdie projek.


Hierdie sluit in:

- Die trappe voor die hoofingang word verminder.
- 'n Rolstoeloprit word bygevoeg tot hierdie trappe, asook aan die sykant van die koffiewinkel.
- Voor die trappe van die hoofingang en die koffiewinkel, word die plaveiselstene vervang met teëlwerk.
- Kuierareas met bankies en ligte gaan onder die bome voor die hoofingang geskep word.
- 'n Definitiewe randsteen sal die toegangspad en parkeerarea afsluit van die hoofingang na die tent.
- Toegangspaadjies al langs bogenoemde randsteen, sal die beweging van kerkgangers vergemaklik - veral vir persone met rolstoel en looprame, asook ouers met stootwaentjies.
- Voor Kruiskidz se toegangshek, word 'n plaveiselpaadjie aangebring. - **Ammi Steyn**


**KONTAK NEVILLE GOODCHILD BY 072 368 3737
INDIEN U BETROKKE WIL RAAK BY DIE PROJEEK.**




2 KOR 5:17



“Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuweskepsel;



die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.”



BRIEF AAN DIE GEMEENTE



Neville Goodchild

Passionate People finding Purpose in His presence!

Die Koninkryk van God het 'n duidelike doel voor oë: Die vestiging van God se heerskappy in elke lewe en elke sfeer van die samelewing. Die pad daarheen is deeglik uiteengesit in die Woord, en die kerk volg die plan noukeurig.

Lewende Woord se bestaansreg is gebou op die Koninkryk se missie: alles wat ons aanpak, opbou en afhandel, is 'n stap in die rigting van hierdie Koninkryksdoelstelling.

Lewende Woord fokus op Koninkryksimpak in vier areas:

1. Die redding en dissipelskap van soveel moontlik mense.
2. Diensbaarheid en deelname aan die kerk.
3. Die werk van die Heilige Gees.
4. Leierskap.

Ons passie is dus viervoudig: Wêreld, Kerk, God en Koninkryk. In elkeen van hierdie areas maak Lewende Woord 'n bydrae binne die geleenthede en vermoëns wat tot ons beskikking is. Ons passie vir die wêreld gaan oor verlore en gebroke mense: Die boodskap van genade is diep verweef in ons prediking, lering en ons aksies.

Ons ken niemand na die vlees nie, en al het ons ook Christus na die vlees geken, nou ken ons Hom tog nie meer so nie! (2 Kor. 5:16).

Deur 'n kultuur van dissipelskap en lering vier ons al hoe meer veranderde lewens!

Ons glo die Kerk is die aardse gestalte van die Bruid van Christus. Elke individu het 'n plek en 'n rol om in die lokale kerk te speel, en daardeur te groei, toegerus te word, en deur dienswerk deel te neem aan die Liggaam.

Ons passie vir God is ons hoogste prioriteit! Lewende Woord skep voortdurend bedieningsgeleenthede waarin die teenwoordigheid van God en die krag van die Heilige Gees kan werk, en gelowiges se geloof versterk kan word. Ons leef die Gees-vervulde lewe!

Naas ons passie vir mense, die kerk en vir God, is ons diep bewus van 'n leierskap-roeping op ons gemeente. Lewende Woord Bloemfontein is aktief betrokke by die nasionale leierskap van ons gemeentes. Ons sien tans 'n golf van transformasie op verskeie fronte in bediening, en werk aktief aan die "2030-Visie vir Impak" in Lewende Woord landswyd.